# Laerskool Worcester-Oos

Posbus 5003
Heatlievale, 6851
Sutherlandstraat
Worcester, 6850

T. 023 347 0453
T. 081 388 7260
F. 023 342 3168
E. kantoor@worcesteroos.co.za

www.worcesteroos.co.za


# Aansoek om toelating: Koshuis

**AANSOEK VIR (JAAR)** | | | | |

**VAN:**

**VOLLE NAME:**

**NOEMNAAM:**

**GRAAD AS LEERDER BY SKOOL AANSLUIT:**

| DATUM INGEDIEN | _______________ | WAGLYSNOMMER | _______________ |
|---|---|---|---|

**Parafeer**

| | |
|---|---|
| **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

**KONTROLELYS**

## SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

VOLDOEN LEERDER AAN DIE VOLGENDE VEREISTES?

| OUDERDOM | JA | NEE | TAAL | JA | NEE |
|---|---|---|---|---|---|

UITSTAANDE DOKUMENTASIE

_______________________________________________

| SUKSESVOL | ONSUKSESVOL | WAGLYS |
|---|---|---|

TOELATINGSNOMMER

KOMMENTAAR:

_______________________________________________

_______________________________________________

NAMENS DIE TOELATINGSKOMITEE: _______________________ DATUM:

_______________

| KENNISGEWING AAN OUERS | DATUM | E-POS | SMS | TELEFONIES |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**Geagte Ouer**

Baie dankie dat u Laerskool Worcester-Oos se koshuis as tuiste vir u kind kies.

Neem asseblief kennis dat die voltooiing van hierdie vorm nie u kind se toelating tot Laerskool Worcester-Oos waarborg nie.

Elke aansoek moet deur die Toelatingskomitee goedgekeur word. Indien u kind se aansoek goedgekeur word, vertrou ons dat u kind positief sal groei deur die geleenthede wat by Laerskool Worcester-Oos aangebied word.

**Oosiegroete** 

***Afskrifte van die volgende dokumente moet aangeheg wees:***

➔ Identiteitsdokument van die **biologiese** vader/**wettige** voog van die leerder. ☐

➔ Identiteitsdokument van die **biologiese** moeder/**wettige** voog van die leerder. ☐

➔ Gewaarmerkte afskrifte van bewys van inkomste van beide biologiese ouers (nie ouer as twee maande) ☐

➔ Volledige geboortesertifikaat (met beide ouers se inligting) of identiteitsdokument van die leerder. ☐

➔ By ondertekening van hierdie vorm, verleen ek/ons toestemming dat die koshuis die inligting in hierdie. aansoekvorm vervat mag kontroleer by die kredietburo. ☐

➔ Mediesefondskaartjie (Afskrif voor en agter) ☐

➔ Bewys van beide biologiese ouers se INKOMSTE (Salarisstrokies) ☐

| | | |
|---|---|---|
| **Parafeer** | | |
| | **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

**(Voltooi asb in netjiese, leesbare DRUKSKRIF.)**
**(Sien bladsy 2 vir dokumente wat vereis word.)**

| **LEERDERBESONDERHEDE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VAN | | | | |
| VOLLE DOOPNAME | | | | |
| NOEMNAAM | | | | |
| GEBOORTEDATUM | | ID | | |
| GESLAG | MANLIK | VROULIK | ETNIESE GROEP | |
| HUISTAAL | | | | |
| SELFOONNOMMER | | | | |
| E-POS | | | | |
| GELOOF | | KERKVERBAND | | |
| WOONADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| POSADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| TELEFOONNOMMER | | FAKSNOMMER | | |
| E-POS | | | | |

**BIOLOGIESE OUER-/VOOGBESONDERHEDE**

**STATUS VAN GESIN**

| | | |
|---|---|---|
| Getroud beide ouers ☐ | Weduwee ☐ | Geskei, bly by pa ☐ |
| Stiefpa ☐ | Wewenaar ☐ | Geskei, bly by ma ☐ |
| Stiefma ☐ | Voogde ☐ | Nie getroud met biologiese gade ☐ |
| Vervreem, bly by ma ☐ | Vervreem, bly by pa ☐ | |

| | **BIOLOGIESE VADER / VOOG 1** | | | |
|---|---|---|---|---|
| TITEL | | VAN | | |
| VOLLE DOOPNAME | | | | |
| NOEMNAAM | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | GEBOORTEDATUM | | |
| WOONADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| POSADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| BEROEP | | | | |
| WERKGEWER | | | | |
| WERKADRES | | | | |
| HUISNOMMER | | WERKNOMMER | | |
| SELNOMMER | | FAKSNOMMER | | |
| E-POS | | | | |

| **Parafeer** | | |
|---|---|---|
| | **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

| | BIOLOGIESE MOEDER / VOOG 2 | | | |
|---|---|---|---|---|
| TITEL | | VAN | | |
| VOLLE DOOPNAME | | | | |
| NOEMNAAM | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | | GEBOORTEDATUM | |
| WOONADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| POSADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| BEROEP | | | | |
| WERKGEWER | | | | |
| WERKADRES | | | | |
| HUISNOMMER | | WERKNOMMER | | |
| SELNOMMER | | FAKSNOMMER | | |
| E-POS | | | | |

| **MEDIESE BESONDERHEDE VAN LEERDER** | |
|---|---|
| HOOFLID SE NAAM | |
| NAAM EN PLAN VAN MEDIESE SKEMA | |
| MEDIESE FONDSNOMMER | |
| HUISDOKTER | |
| TELEFOON | |

| **SPESIALE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE LEERDER**<br>(Indien u as ouer/voog spesifieke inligting onder die aandag van die skool wil bring, bv. epilepsie, allergieë, spesiale behoeftes, ens.) |
|---|
| |
| |
| |
| |

| **KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD** (wat nie by dieselfde adres woon nie) | |
|---|---|
| NAAM & VAN | |
| VERWANTSKAP | |
| TELEFOON | |
| SELFOON | |
| E-POS | |
| WOONADRES | |
| | |
| | |

| | | |
|---|---|---|
| **Parafeer** | | |
| | **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

| | FINANSIëLE AANSPREEKLIKHEID | | | |
|---|---|---|---|---|
| TITEL | | VAN | | |
| VOLLE DOOPNAME | | | | |
| NOEMNAAM | | | | |
| IDENTITEITSNOMMER | | | GEBOORTEDATUM | |
| WOONADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| POSADRES | | | | |
| | | | KODE | |
| BEROEP | | | | |
| WERKGEWER | | | | |
| WERKADRES | | | | |
| HUISNOMMER | | WERKNOMMER | | |
| SELNOMMER | | FAKSNOMMER | | |
| E-POS | | | | |
| **HANDTEKENING VAN VERANTOWOORDELIKE PERSOON** | | | | |

| | VOORWAARDES VIR DIE BETALING VAN KOSHUISGELD |
|---|---|
| 1. | Die bedrag vir koshuisgeld vir die betrokke jaar, betaalbaar eenmalig, kwartaalliks of maandeliks, is beskikbaar by die kantoor. Koshuisgeld is jaarliks vooruitbetaalbaar, maar ouers/voogde/rekenpligtige mag egter met vergunning van die volgende betalingsopsies gebruik maak. |

**Dui asseblief aan watter opsie u verkies:**

| | |
|---|---|
| | Eenmalige jaarlikse betaling wat betaalbaar is op die eerste dag van die skooljaar. |
| | Kwartaallikse betaling wat betaalbaar is op die eerste dag van die skoolkwartaal. |
| | Maandelikse betaling – slegs as u van debietorderfasiliteit gebruik maak – die eerste maandelikse betaling moet die eerste dag van die skooljaar betaal wees. Daarna is dit betaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand. Indien die 7de nie ‘n besigheidsdag is nie, moet die betaling op die voorafgaande besigheidsdag geskied. |

| | |
|---|---|
| 2. | Indien die rekenpligtige die betalingsopsie wil wysig, moet hy/sy die skool skriftelik hiervan inlig alvorens dit in werking tree. |
| 3. | Indien die rekening nie binne veertien (14) dae na aanmaning vereffen word nie, sal die rekening aan ‘n prokureur/invorderaar oorhandig word vir invordering. Die koste hiervan sal van die rekenpligtige verhaal word en wel op ‘n skaal soos tussen prokureur en eie kliënt ooreengekom. |
| 4. | Indien die rekening vir die voorafgaande kwartaal nog uitstaande is en/of indien u rekening in die kwartaal sestig dae uitstaande is, sal die inwoner verblyf in die koshuis ontsê word. Die koshuis/skool sal egter sy reg behou om die agterstallige rekening van die rekenpligtige te verhaal. |
| 5. | Die skool eien hom die reg toe om enige geld wat as betaling van die ouer/voog/of ander bron wat betaling maak ten gunste van geld verskuldig vir leerder, aan te wend na die skool se goeddunke. |

## Die rekenpligtige aanvaar hiermee die terme en voorwaardes en verantwoordelikheid van die betaling van die koshuisfooie soos uiteengesit.

| | | |
|---|---|---|
| **Parafeer** | | |
| | **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

## VOORWAARDES VIR DIE BETALING VAN KOSHUISGELD

Ons, die ondergetekendes, verklaar hiermee dat die inligting, soos verstrek, na ons beste wete korrek is, en onderneem om:

1. indien hierdie aansoek slaag en my kind nie van die huisvesting gebruik maak nie, aanspreeklikheid vir die volle losiesgelde vir een skoolkwartaal te aanvaar, tensy die komitee wat algemene toesig oor die koshuis uitoefen, anders besluit;

2. indien hierdie aansoek slaag en die aansoeker vanaf 'n later datum as die begin van die termyn van die huisvesting gebruik maak, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgelde vanaf die datum waarop losies verlang word, soos gespesifiseer in hierdie aansoek;

3. minstens 'n skoolkwartaal **vooruit skriftelik kennis te gee** van die voorneme om my kind weg te neem, behalwe in gevalle waar die komitee korter kennisgewing aanvaar en, indien ek nie hieraan voldoen nie, aanspreeklikheid te aanvaar vir die volle losiesgelde van die kind tot aan die einde van die skoolkwartaal ten opsigte waarvan kennis gegee moes word; (Hierdie klousule is slegs van toepassing indien u verhuis na 'n ander dorp);

4. die betaalbare koshuisfooie te betaal soos aangedui; (Aangesien die koshuis 'n privaatinstelling is en geen subsidie van die WKOD ontvang nie, kwalifiseer niemand om van die losiesgeld kwytgeskeld te word nie.)

5. ons aan die huishoudelike- en veiligheidsreëls en prosedures van die koshuis te onderwerp;

6. sou my kind verantwoordelik wees vir enige skade aan die koshuis, medeleerders se eiendom of ander gemeenskaplike eiendom, om die vervangingswaarde daarvan te betaal;

7. die toepassing van alle koshuisreëls (insluitende kamerplasings deur die personeel) te aanvaar, asook die nodige tugmaatreëls soos nodig geag deur die inwonende hoof;

8. die leerder uit die koshuis te onttrek indien hy/sy skuldig bevind word aan dwelmverwante sake, drankgebruik, afknouery en/of diefstal, bakleiery en/of enige vorm van ongemagtigde verlaat van die koshuis ("uitslip");

9. indien die skool weens onvoorsiene omstandighede nie losies aan die leerders kan verskaf nie, te aanvaar dat die beheerliggaam nie verantwoordelikheid vir alternatiewe verblyf aanvaar nie, en

10. die inwonende superintendent wat in loco parentis vir alle leerders in die koshuis optree te magtig om as sodanig op te tree as my gevolmagtigde in alle nood-, mediese en ander gevalle.

## VOORWAARDES VIR DIE BETALING VAN KOSHUISGELD

Leerder(s) mag naweke en vakansiedae slegs by vriende of familie gaan kuier indien sowel die ouers as die koshuisouers vooraf toestemming verleen. Meld asseblief hieronder persone waarheen u kind mag gaan sonder dat ons vooraf van u toestemming hoef te kry (voorsien asseblief ook kontaknommers):

1. Naam & Van: ………………………………………………. Kontaknommer: ……………………………………

2. Naam & Van: ………………………………………………. Kontaknommer: ……………………………………

| Parafeer | | |
|---|---|---|
| | Biologiese vader / Voog | Biologiese moeder / Voog |

**LET WEL**

1. Alle leerders moet ingeskrewe leerders van Laerskool Worcester-Oos wees.

2. Alle leerders wat van koshuisinwoning gebruik wil maak, moet aansoek doen deur hulle ouers/voog, wat die amptelike koshuisaansoekvorm volledig moet voltooi. Leerders wat reeds in die koshuis inwoon, moet jaarliks voor of op 1 September heraansoek doen vir toelating tot die koshuis. (Alle aansoeke moet teen die einde van die derde kwartaal oorweeg word vir begrotingsdoeleiendes).

3. Die volgende kriteria kan in ag geneem word met koshuistoelatings-

    a) Woonadresse: voorkeur word gegee aan leerders wie se ouers/voogde in Worcester omgewing of plattelandse dorpe woon, en nie daagliks op geskikte wyse na en van die skool vervoer kan word nie.
    b) Suster / broer wat reeds in die koshuis is en wie se verslag positief is.

4. Kragtens die reëls insake die koshuis moet 'n koshuisganger wie se losiesgelde vir 'n bepaalde kwartaal nie aan die einde van die kwartaal betaal is nie, vanaf die begin van die daaropvolgende kwartaal uit die koshuis uitgesluit word en nie weer opgeneem word voordat die volledige agterstallige losiesgelde betaal is nie. Koshuisverblyf is onderworpe aan die tydige en volle betaling van losiesgeld soos jaarliks bepaal word deur die koshuiskomitee.

5. 'n Koshuisjaar strek oor die vier amptelike skoolkwartale van Januarie tot Desember van dieselfde jaar. Aansoek tot koshuisverblyf strek dus vanaf toelatingsdatum tot skoolsluiting van die betrokke jaar.

6. 'n Goeie gedragsrekord is 'n belangrike voorvereiste vir koshuisverblyf. 'n Onderhoud met die betrokke aansoeker en sy/haar ouers mag vereis word.

7. Die aansoeker en sy/haar ouers/voog moet die koshuisgedragskodes en vereistes soos in die aansoekvorm uiteengesit word, aanvaar en onderneem om dit na te kom, alvorens koshuisverblyf oorweeg word. Die koshuis behou die reg voor om die ooreenkoms te kanselleer indien die leerder herhaaldelik die koshuisreëls verbreek en/of 'n eenmalige ernstige oortreding begaan.

8. Leerders wat voorheen uit 'n koshuis of skool geskors/ uitgesit is, sal nie binne die bestek van 'n jaar vir koshuisverblyf heroorweeg word nie. Toelating daarna is nie outomaties nie, maar sal na 'n komitee verwys word wat die finale besluit hieroor sal neem. Die komitee sal nie verplig wees om redes vir hulle besluit bekend te maak nie. Die ouer/ voog is steeds aanspreeklik vir die kwartaal se koshuisgelde waarin die leerder uitgesit is.

9. Die Beheerliggaam/Koshuiskomitee/Superintendent aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van loseerders nie, ongeag die oorsaak van beskadiging.

10. Ouers word ten sterkste aangeraai om die besittings van hul kinders teen brand, diefstal, en ander skade te verseker.

| Parafeer | | |
|---|---|---|
| | **Biologiese vader / Voog** | **Biologiese moeder / Voog** |

11. Koshuisetes word voorberei volgens 'n goedgekeurde program.

12. U adres soos op die aansoekvorm aangedui sal dien as u domici/ium citandi et executandi. Hierdie adres sal gebruik word vir die lewering van fakture, state en die betekening van geregtelike posstukke. U onderneem om die skool en die koshuis in kennis te stel indien u van adres verander of 'n ander adres vir hierdie doeleindes wil aandui. Die skool/beheerliggaam kan met u kommunikeer d.m.v. geskrewe dokumente wat afgelewer, gepos of per hand aan inwoner oorhandig word, e-pos, sms, telefonies of enige ander reëling wat die skool tref.

13. Geen kamer mag onderverhuur word nie.

14. Alle reëls en voorskrifte van die skool sal ook van toepassing wees op die koshuis.

15. Die reëls t.o.v. toelating en bestuur van die koshuis is onderhewig aan die skolewet.

16. lndien die aansoeker/ouer /voog enige inligting weerhou, kan dit daartoe lei dat die leerder dadelik uit die koshuis gesit word.

**TER INSAE**:

Aansoekvorms is by Laerskool Worcester-Oos beskikbaar.

Voltooide koshuisaansoekvorms moet by Laerskool Worcester-Oos ingehandig word.

Die Skoolbeheerliggaam (SBL) delegeer die besluit oor toelating tot koshuisinwoning aan die Skoolhoof en ‘n komitee.

Alle toelatings moet geskied binne die goedgekeurde toelatingsbeleid.

**BELANGRIK**

Die Skoolbeheerliggaam (SBL) behou hom die reg voor om die volgende dokumentasie te versoek:

- Betalingsgeskiedenis van die vorige skool/koshuis te versoek.

- 'n Vertroulike verslag in verband met die leerder van die vorige skool aan te vra.

**ONDERGETEKENDE BEVESTIG HIERMEE DAT HY/SY:**

- kennis geneem het van die inhoud van hierdie dokument;
- hierdie dokument as bindend op hom/haar beskou;
- die inligting wat hy/sy verskaf het volledig en korrek is, en;
- getrou volgens hierdie dokument sal handel.

| **OUERS/VOOGDE SE HANDTEKENINGE** | | |
|---|---|---|
| OUER 1: | OUER 2: | VOOG: |
| **NAAM EN VAN IN HOOFLETTERS** | | |
| OUER 1: | OUER 2: | VOOG: |